higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE MENSLIKE LIGGAAM EN GEES
NKR VLAK 2

(9020072)

10 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–15:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

254Q1N2210

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Byt, maal, breek af en kou kos in kleiner stukkies	A	Mond
1.1.2	Kos word in die spysverteringskanaal ingeneem	B	Chemiese vertering
1.1.3	Vertering van koolhidrate in die mond	C	Meganiese vertering
1.1.4	Afbreek van vette in klein druppels	D	Gal
1.1.5	Afbreek van stysel en vette	E	Anus
1.1.6	Kos word deur ensieme afgebreek in oplosbare monomere	F	Pankreassap
1.1.7	Onverteerde kos word uit die liggaam verwyder	G	Maag
1.1.8	Suur chym word alkaliese chym	H	Duodenum
1.1.9	Ontvang die oorblyfsels van die chym nadat dit deur die maag en die dunderm gegaan het	I	Speeksel
1.1.10	Meganiese en chemiese vertering	J	Dikderm
		K	Peristalse
		L	Orofarinks

(10 × 1) (10)

1.2 Definieer die volgende terme:

1.2.1 Anatomie

1.2.2 Sel


1.2.3 Fisiologie

(3 × 2) (6)

1.3 Noem VIER eienskappe wat byna alle selle gemeen het. (4)

Kopiereg voorbehou

1.4 Beantwoord die vrae met betrekking tot die tekening:



[Bron: *https://www.dummies.com/careers/medical-careers/medical-terminology/how-the-urinary-system-works/*]

1.4.1 Noem die dele wat op die tekening aangedui is deur slegs die antwoord langs die letter (A–D) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. (4)

1.4.2 Waar begin urienproduksie? (1)

1.4.3 Waarom is die manlike uretra langer as die vroulike uretra? (1)

1.4.4 Gee TWEE redes waarom lae urienproduksie sleg is vir 'n persoon se gesondheid. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 Die skedel staan bekend as die kraniale area.

2.1.2 Die aksillêre area is die okselholte.

2.1.3 Die bors staan ook bekend as die abdominale area.

2.1.4 Die umbilikale area word ook die naeltjie genoem.

2.1.5 Die agterkant van die knie is die popliteale area.

2.1.6 Gebarste en gebreekte vel laat bakterieë toe om die liggaam binne te dring.

2.1.7 'n Primêre assessering moet ná die sekondêre assessering uitgevoer word.

2.1.8 Alle natuurlike openinge van die liggaam is gevoer met slymvliese.

2.1.9 Gedurende 'n primêre assessering word die vel van die pasiënt gepalpeer.

2.1.10 Die femorale pols is in die voorste deel van die nek geleë.

(10 × 1) (10)

2.2 Noem die liggaamstelsel waartoe elk van die volgende strukture behoort.

2.2.1 Epidermis

2.2.2 Medulla oblongata

2.2.3 Alveoli

2.2.4 Lewer

2.2.5 Patella

(5 × 1) (5)

2.3 Noem die DRIE lae van die wand van die hart en gee hulle biologiese name.

(3 × 2) (6)

2.4 Victoria is gebore met net een funksionerende eierstok aan die linkerkant van haar liggaam. Die res van haar voortplantingstelsel is ongeskonde en onaangetas.

2.4.1 Bespreek hoe dit vir Victoria moontlik is om swanger te raak.(2 × 2) (4)

2.4.2 Sou Victoria kon swanger raak en die fetus voltermyn dra al het sy een eierstok? (5)

[30]

VRAAG 3

3.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Wat is nie 'n been van die onderste ledemate nie?

A Tibia
B Fibula
C Radius
D Patella

3.1.2 …gewrigte maak voorsiening vir 'n vrye reeks bewegings.

A Vaste
B Veselagtig
C Sinoviale
D Kraakbeenagtige

3.1.3 Die skedel bestaan uit … bene

A 8
B 14
C 26
D 5

3.1.4 'n … is 'n voorbeeld van 'n plat been.

A Ruggraatbeen
B Skapula
C Metatarsale been
D Humerus

3.1.5 Die sentrale senuweestelsel bestaan uit die ...

A kop en nek.
B brein en rugmurg.
C skedel en rugstring.
D torakale en lumbale werwels.

(5 × 1) (5)

3.2 Teken die tabel in die ANTWOORDBOEK. Voltooi die tabel deur die hoofbloedvate van die kardiovaskulêre stelsel te organiseer in bloedvate wat SUURSTOFHOUDENDE BLOED of NIESUUFSTOFHOUDENDE BLOED dra.

aorta; superior vena cava; vier pulmonale are; inferior vena cava; twee pulmonale are; twee kroonslagare

SUURSTOFHOUDENDE BLOED	NIESUURSTOFHOUDENDE BLOED

(6 × 1) (6)

3.3 Julia het wakker geword en voel sleg. Sy het 'n loopneus en haar keel is rooi en geswel. Dit is ook baie seer wanneer sy sluk. Die volgende dag verloor sy haar stem verloor.

3.3.1 Watter liggaamstesels word in die scenario hierbo aangetas? (1)

3.3.2 Haal DRIE woorde uit die gedeelte aan wat aandui dat Julia dalk 'n keelinfeksie het. (3)

3.3.3 Bespreek waarom die limfknope in haar nek geswel is. (3)

3.3.4 Waarom het Julia haar stem verloor? (2)

3.3.5 Sal Julia koors ontwikkel? Staaf 'n rede vir die antwoord. (3)

3.3.6 Watter orgaan beheer 'n persoon se liggaamstemperatuur? (1)

3.3.7 Noem DRIE sintuie wat deur Julia se siekte aangetas kan word. (3)

3.3.8 Verduidelik waarom Julia moontlik haar eetlus verloor terwyl sy siek is. (3)

[30]

VRAAG 4

4.1 Noem die organe wat deel is van die spysverteringstelsel. (5)

4.2 Voltooi die tabel hier onder deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.2.1– 4.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

SOORT SPIERWEEFSEL	VOORKOMS	WAAR DIT GEVIND WORD	SOORT BEHEER
4.2.1	Gestreepte	4.2.2	Willekeurige beheer
Gladde spierweefsel	4.2.3	Spysverteringskanaal, urienblaas en baarmoeder	4.2.4
4.2.5	Silindervormig en gestreep	Wande van die hart	4.2.6

(6 × 1) (6)

4.3 Lees die volgende scenario en beantwoord die vraag hier onder.

Met tipe 1-diabetes mellitus val 'n persoon se eie immuunstelsel die insulienproduserende selle in die pankreas aan en vernietig die liggaam se vermoë om insulien te vervaardig. Diabetes mellitus kan lei tot skade aan die niere en tas hulle vermoë aan om afvalprodukte uit die bloed te filtreer. Diabetes mellitus verhoog die risiko om hoë bloeddruk te ontwikkel, wat verdere spanning op die hart plaas. Diabetes mellitus kan lei tot senuweeskade, wat die persepsie van hitte, koue en pyn kan beïnvloed. Dit kan veroorsaak dat die vel op die voete uitdroog en kraak en kan ook herhaalde infeksies veroorsaak wat die vagina en blaas aantas.

Kopieer en voltooi die tabel in die ANTWOORDBOEK deur VYF gesondheidsprobleme wat met diabetes mellitus geassosieer word, te noem en die naam van die liggaamstelsel wat deur elke gesondheidsprobleem geraak word.

LIGGAAMSTELSEL	GESONDHEIDSPROBLEEM

(5 × 2) (10)

4.4

Die spysverteringstelsel bestaan uit baie organe wat moet saamwerk om voedsel deur die kanaal te laat beweeg.

4.4.1 In watter orgaan van die spysverteringstelsel word die meeste voedingstowwe in die haarbloedvate opgeneem? (1)

4.4.2 Noem VIER dinge wat met die liggaam sal gebeur as die voedingstowwe nie in die bloedstroom opgeneem word nie. (4)

4.4.3 Bespreek die belangrikheid daarvan om feses uit die rektum uit te werp. (4)

[30]

VRAAG 5

5.1 Noem die VYF basiese doelwitte van sielkunde. (5)

5.2 Kies die korrekte opsie uit dié wat tussen hakies aangegee word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.2.1– 5.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.2.1 (Selfbewustheid/Selfvertroue) is die vaardigheid om jouself te ken.

5.2.2 ('n Gunstige/'n Ongunstige) houding teenoor jouself sal 'n lae selfbeeld tot gevolg hê.

5.2.3 Mense met 'n (lae/hoë) selfbeeld stel hoë standaarde vir hulleself.

5.2.4 Vertroue verteenwoordig die (wortels/stam) van die boom van geestesgesondheid.

Kopiereg voorbehou

5.2.5 (Sekuriteit/Eiewaarde) is 'n voorbeeld van 'n vrug van die boom van geestesgesondheid.

(5 × 1) (5)

5.3 Noem VYF algemene stadiums ter voorbereiding vir die dood. (5)

5.4 Richard is nege maande oud en het van sy geboorte af ’n band met sy ma gevorm. Sy pa was nie by die geboorte teenwoordig nie en kuier net by geleentheid aangesien hy in 'n ander dorp woon. Wanneer sy pa kuier, huil Richard en reik na sy ma uit. Sy pa is ontsteld en geïrriteerd deur Richard se gedrag en besoek net vir 'n kort rukkie.

5.4.1 Bespreek waarom Richard nie 'n band met sy pa het nie. (2)

5.4.2 Gee DRIE redes waarom Richard sy ma vertrou. (3)

5.4.3 Noem TWEE moontlike oplossings om die band tussen Richard en sy pa te verbeter. (2)

5.5 Sipho is drie jaar oud. Hy hou daarvan om kleurvolle prente te teken. Hy wou sy ma met ’n tekening verras, maar kon nie papier kry nie. Hy het besluit om sy prent teen die muur te teken. Toe sy ma dit sien, was sy baie kwaad. Sy het op Sipho geskree en sy kryte in die asblik gegooi.

5.5.1 Dink jy sy ma het gepas opgetree? Verduidelik die antwoord. (3)

5.5.2 Verduidelik waarom Sipho dit dalk nie meer geniet om te teken nie. (2)

5.5.3 Die onderwyser by Sipho se speelskool het opgemerk dat hy hartseer is en nie wil teken nie. Sy het hierdie saak met sy ma bespreek.

Wat moet sy ma en onderwyser doen om sy negatiewe gevoel teenoor die teken van prente reg te stel? (3)

[30]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou